# Musiekopvoeding 309 (JMO 309)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Opvoedkunde |
| **Modulekrediete** | 40.00 |
| **Voorvereistes** | JMO 209 |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Geesteswetenskaplike Opvoedkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

In hierdie module word studente toegerus om Musiekopvoeding as deel van die vak Kuns en Kultuur vanaf Graad 4 – 9 aan te bied. Die module-inhoud is ‘n progressie van die voortsetting van kennis (musiekkonsepte) en vaardighede (musiekaktiwiteite) wat in die vorige module JMO 220 bemeester is. Die module sluit kennis, vaardighede, waardes en houding in wat in praktyktoepassing vereis word en om die inherente musikaliteit van leerders te ontwikkel en te verryk. Musiekopvoeding as fokus (geïntegreer met dans en drama), Musiekwaardering (basiese musiekgeskiednis) en klawerbordkennis is ingesluit. Student oefen – op grond van hul agtergrondskennis en vaardighede - ‘n keuse tussen basiese klawerbord-vaardigheid of gevorderde klavierbegeleiding uit.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.